

Hierdie nommer van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* word ingelui met 'n tweeluik deur Bernard Odendaal waarin die nawerking van die poësie van Paul van Ostajen onder die vergrootglas geplaas word. Die eerste, getiteld “Naklanke van Paul van Ostajen se avant-gardistiese digkuns (-beskouings) in Afrikaans”, is 'n breë ondersoek na die invloed van Van Ostajen se poësiebeskouings en -praktyk in die Afrikaanse poëtiesistiem. In die tweede deel, “‘Poësie as spel’: George Weideman oor die naklanke van Paul van Ostajen se avant-gardistiese poësie in sy eie digkuns”, word ingegaan op die besonderhede van die neerslag van Van Ostajen se literêre vaderskap spesifiek in George Weideman se digterskap.

In “Moord en munitery: Die verhaal van 'n slaweskip in twee jeugromans” stel Steward van Wyk ondersoek in na hoe die historiese gebeure op die Leusden en Meermin, twee slaweskepe, deur middel van 'n aantal literêre procédés vertel word in *Tutuba – het meisje van het slavenschip Leusden* deur Cyntia McLeod en in André en Nienke Nuyens se *De gestrande Meermin of de opstand op een slavenschip van de VOC*, en hoe die onderwerp van slawerny in hierdie twee werke aangebied word, veral aan jong lesers wat as geïntendeerde lesers beskou kan word.

Hans du Plessis se “Afrikaans, gekry of gemaak?” is 'n bespiegelende verdere besinning oor die hipotese dat Afrikaans nie evolusionisties uit Nederlands ontwikkel het nie, maar binne 'n aangepaste teoretiese raamwerk van die intertaalteorie as aanleedersvariëteit beskryf kan word.

Hartlike dank aan die keurders en aan Christa van Zyl vir die grafiese ontwerp.

Noordwes-Universiteit